## PROF. DR. IR. J. GOUDRIAAN



Jan Goudriaan is op Vrydag 22 Maart 1974 in die ouderdom van 80 jaar in Nederland oorlede. Hoewel dit bekend was dat hy in die afgelope jare nie die beste gesondheid geniet het nie, was sy afsterwe nietemin vir kollegas en oudstudente in Suid-Afrika 'n groot skok, en het die besef deurgedring dat 'n lewende band met 'n geslag verbreek is wat nie gelas kan word nie. In sy geslag het hy naamlik uitgetroon as bedryfsekonoom, geleerde en bedryfsleier.

As bedryfsekonoom was hy van groot formaat en internasionale aansien. 'n Mens sou hom inderdaad kon beskou as een van die grondleggers van die Bedryfsekonomie as wetenskap. Dit was hý, by uitstek, wat die funksionele benadering tot ondernemingsvraagstukke beklemtoon het en dit dwaas gevind het om te twis oor wat dan nou wel die belangrikste funksie sou wees — net so dwaas, so was sy segswyse, as wanneer 'n mens sou twis oor wat die belangrikste is: die bloedsomloop, die asemhaling of die stofwisseling. Sy besondere benadering tot stelsels van prestasielone en aspekte van die tegniese funksie geniet ook erkenning in wye kring. Die grootste bekendheid het hy egter verwerf vir sy werk op die gebied van die kosteberekening. 'n Groot voorstander van die leer van die vervangingswaarde, het hy hom sterk beywer vir die juiste kalkulasietegnieke ingestel op die praktyk. En hierby het sy besondere kennis van die Wiskunde hom goed te staan gekom.

Oor hom as geleerde het prof. W.F.J. Steenkamp op 'n keer gesê: „Hy was 'n tipies Vastelandse geleerde, groot van kennis en ruim van belangstelling. Sy gesprekke, lesings en geskrifte was deurspek met verwysings na die mitologie van die Oudheid en met aanhalings uit die Europese lettere en veral uit die Franse lettere waarvoor hy 'n besondere liefde had. Uit La Fontaine se fabels het hy bedryfsekonomiese resepte geput. Stylkunstenaar en meester van die spits woord en van treffende beeldspraak, was hy 'n besonder leesbare skrywer en buitengewoon boeiende spreker, dosent en causeur."

Ook in Suid-Afrika het hy merk gemaak en bekendheid in akademiese, sake- en owerheidskringe verwerf. Hy had tewens groot waardering vir die ontwikkelingspotensiaal van die land en 'n kerngesonde siening van ons sosio-ekonomiese-politieke vraagstukke.

Met sy heengaan het ons, ja die wêreld, 'n man van groot intellek en gees verloor, is ons soveel armer. En daarmee het Suid-Afrika 'n groot vriend verloor.

**Lewensskets**

Jan Goudriaan is op 5 Desember 1893 te Amsterdam, Nederland, gebore, alwaar hy sy opleiding ontvang en in 1915 die eksamen as

werktuigkundige ingenieur slaag met lof. In Oktober 1922 promoveer hy (met lof) aan die "technische Hoogeschool" te Delft met 'n proefskrif getitel "De doelmatigheid der Amsterdamsche broodvoorsiening."

In 1916 word hy inspekteur van arbeid en in Maart 1922 benoem as direkteur van die "Centraal Normalisatie Bureau" te Delft. Vanaf 1924 tot 1928 is hy hoofingenieur verbonde aan een van die groot skeepsbouwerwe te Rotterdam waar hy onder meer verantwoordelik is vir die oprigting en funksionele inrigting van nuwe werkplase. Op 1 September 1928 tree hy toe tot die Philipsmaatskappy te Eindhoven as hoof van die Bedryfsekonomiese-afdeling en in 1933 word hy benoem as direkteur van genoemde maatskappy.

Op uitnodiging van die Nederlandse regering word hy op 1 Junie 1938 direkteur van die Nederlandse Spoorweë en op 1 Oktober 1938 president-direkteur, 'n pos wat hy beklee tot by sy uittrede op 31 Mei 1945. Gedurende dié tydperk was hy vir 23 maande 'n Duitse krygsgevangene, waarvan agt maande onder haglike omstandighede te Buchenwald.

In 1926 is hy benoem tot buitengewone hoogleraar aan die "Nederlandsche Economische Hoogeschool" te Rotterdam, 'n pos wat hy beklee het tot en met sy aanstelling op 1 Januarie 1949 as professor in en hoof van die departement Bedryfsekonomie aan die Universiteit van Pretoria.

In 1936 word hy ook benoem as professor in die Bedryfsekonomie aan die Tegniese Universiteit van Delft. Hy was mede-stigter van die Nederlandse Instituut vir Bedryfsdoelmatigheid, die Afdeling vir Tegniese Ekonomie aan die Koninklike Instituut van Ingenieurs en die Nederlandse Vereniging voor Waardevast Geld.

Tydens sy dienstydperk aan die Universiteit van Pretoria was wyle prof. Goudriaan verantwoordelik vir die uitbouing van die Departement Bedryfsekonomie en het hy 'n belangrike aandeel gehad in die ontplooiing van die Instituut vir Bestuur en Administrasie as direkteur, 'n pos wat hy beklee tot 31 Desember 1963. Hy was ook lid van die subkomitee vir leerplanne en beplanning wat in 1956 gelei het tot die stigting van die Fakulteit Ingenieurswese aan hierdie universiteit.

In 1953 is hy, as wêreldgesaghebbende, aangestel as voorsitter van die Kommissie vir die Stabilisasie van Grondstofpryse benoem deur die Sekretaris-Generaal van die VVO.

Na sy aftrede op 31 Desember 1958, weens die bereiking van die finale aftree-ouderdom, word hy vir vyf jaar aangestel as tydelikdeeltydse dosent. Gedurende dié tydperk gee hy enkele nagraadse lesings.

Hy was direkteur van verskeie Suid-Afrikaanse ondernemings, lid van die Elektrisiteitsbeheerraad en lid van verskeie Suid-Afrikaanse Kommissies van Ondersoek.

Prof. Dr. J.J. Goudriaan is in 1960 verkies tot ERELID van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bedryfsleiding as blyk van waardering vir sy rol in die bevordering van wetenskaplikgegronde bestuursfilosofieë en -tegnieke. Hy het by verskeie geleenthede voor ons opgetree en sal altyd onthou word vir sy vermoë om met 'n paar pittige gesegdes tot die kern van 'n saak deur te dring.

Ons bring hulde.

# VERENIGINGSNUUS

Die **Raad** vir 1974/5 is soos volg saamgestel:-

D.C.U. CONRADIE, President, Bestuurder, Yskor Pensioenfonds.

A.D. SCHOEMAN, Onderpresident, Aankoopbestuurder, Yskor.

P.W. DE LANGE (Dr.), Hoof, Operasionele Navorsing, Barclays-Nasionale Bank.

H.K. DYKSTRA, Bestuurskonsultant.

D.H. GLATTHAAR, Senior Kontrakbeampte, Yskor.

*S. MARX, Professor in Bemarking, Nagraadse Bestuurskool, U.P.

P.A. STOFFBERG, Raadgewende Ingenieur.

J.J. VENTER, Professor in Bedryfsleiding, Skool vir Bedryfsleiding, UNISA.

*Gekoöpteer in die plek van mnr. D.C. van Rooyen, wat as raadslid bedank het.

**AANSTELLING**

Met genoeë kan ons aankondig dat prof. C.W.I. Pistorius, Senior Lid van ons Vereniging, aangestel is as Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria.